



Isak Burger

Kom toer saam na **ISRAEL**

onder leiding van
Dr Isak Burger

Vertrek: Donderdag, 21 Maart 2019

SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE REISPLAN

(O)-Ontbyt (A)-Aandete (*)-Ete aan boord die vliegtuig

Dag 1: Donderdag, 21 Maart JOHANNESBURG – TEL AVIV

Ontmoet mekaar vanaf 18:00 by die El Al toonbank in die Internasionale vertreksaal van die Johannesburgse O.R. Tambo Internasionale lughawe. Vertrek om 21:00 na Tel Aviv. Oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Vrydag, 22 Maart CAESAREA – KARMEL – NASARET – TIBERIAS

Stryk om 05:45 op die Ben Gurion lughawe neer. Ons toerbus staan gereed om na Caesarea Maritima te vertrek. Besoek die oorblyfsels van 'n kruisvaardervervesting en die gerestoureerde Romeinse amfiteater. Caesarea is in die 13de jaar voor Christus deur Herodus die Grote gebou, en dit was ook die tuisdorp van Pontius Pilatus, Filippus en Cornelius. Die opgrawings toon rondom 26 nedersettings op mekaar waarvan die oudste uit ongeveer 4000v.C. dateer. Josua het die stad ingeneem en gedurende die regering van Salomo was Megiddo een van die stede wat met strydwaens versterk was. Besoek die berg Karmel. Dit is hier waar Elia die Baälpriesters om die lewe gebring het. Daar is 'n Karmeliete-klooster en 'n standbeeld van Elia op die terrein. Geniet 'n pragtige uitsig oor die vlakte van Armageddon waar die finale slag volgens die Skrif in die laaste dae sal plaasvind. In nasaret bring ons besoek aan die "Nazareth Village" waar ons in tyd teruggeneem word na die dae toe Jesus as kind in hierdie omgewing opgegroeï het. Ons bestemming is die See van Galilea waar aandete by ons hotel bedien word. Oornag in **TIBERIAS (O*)(A)**

Dag 3: Saterdag, 23 Maart GALILEA OMGEWING – TIBERIAS

Begin die dag met 'n bootvaart op die See van Galilea met geleentheid vir 'n kort oordenking. Bring dan besoek aan die Boot-museum waar ons die sogenaamde "Jesus Boot" besigtig. 'Vertrek na die ruïnes van Magdala, die tuisdorp van Maria Magdalena. In die tyd van Jesus was dit 'n vooruitstrewende vissersdorp. Argeoloë het die oorblyfsels van die dorp wat uit die dae van Jesus dateer, blootgelê wat 'n Bisantynse klooster en 'n mosaïekvloer van 'n vissersboot uitbeeld. Die omgewing staan vandag bekend as Migdal. Bring dan besoek aan Tabgha, waar die brood en vis vermeerder is. 'n Entjie verder noord is die Mensa Christi kerk waar Jesus aan Sy dissipels verskyn het en hulle saam geëet het. Reis verder na die Berg van Saligsprekinge waar die bergpredikasie gelewer is. Besoek die Kerk van Saligsprekinge. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n Sinagoge uit die tweede eeu wanneer ons tyd in Kapernaum deurbring. Sluit die dag met 'n doopgeleentheid by die tradisionele doopplek van Yardenit af. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 4: Sondag, 24 Maart BETH SHEAN – JERIGO – QUMRAN – DOOIE SEE

Na ontbyt vertrek ons vir 'n kort besoek na die opgrawings van die stad Beth Shean. Dit is hier waar die liggame van Saul en sy seuns teen die stadsmuur vasgespyker was. Reis verder na Jerigo, die oudste bekende stad ter wêreld. Hierdie stad is deur Josua vernietig toe die Israeliete in opdrag van God, 7 maal om die stad geloop het en sy mure ineengestort het. Neem die kabelspoor na die "Berg van Versoeking" waar Jesus versoek was en geniet 'n indrukwekkende uitsig oor Jerigo en die berge van Nebo in Jordanië. Reis verder na Qumran waar die Dooie See boekrolle in 1947 ontdek is. Ons bestemming is die Dooie See, die laagste plek op aarde. In die Bybel het dit as die "sout see" bekend gestaan. Geniet die fasiliteite van ons hotel dryf letterlik op die water van die Dooie See. Aandete en oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dag 5: Maandag, 25 Maart MASADA – BETABARA – BETLEHEM – JERUSALEM

Bring vandag besoek aan die bergvesting Massada, waar u per kabelspoor na die kruin geneem word. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelingen, wat eerder massa-selfmoord gepleeg het as om hulle in die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Vertoef by die doopplek van Jesus by Betabara aan die "oorkant" van die Jordaanrivier. Ons volgende stop is Betlehem en die herdersvelde voordat besoek gebring word aan die geboortekerk wat beskou word as die oudste ter wêreld – gebou oor die grot wat aangedui word as die plek waar Jesus gebore is. Reis verder na Jerusalem, die "Stad van Vrede" soos vroeg reeds in die Bybel na verwys word. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 6: Dinsdag, 26 Maart JERUSALEM

Ons toer van Jerusalem begin by die Olyfberg of Olivet vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelsterrein het. Hier van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem binnegery het. Besoek die Tuin van Getsêmane waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verrai en is Hy na Kajafas geneem om aangekla en verhoor te word. Die "Kerk van alle Nasies" is in hierdie tuin geleë waar verskeie Olyfbome vandag steeds groei. Bring dan besoek aan die huis van Kajafas die hoëpriester, bekend as Petrus in Gallicantu. Dit was hier waar Petrus



die Here drie maal verloën het. Gallicantu beteken “die kraai van die hoenderhaan”. Besoek die Bo-vertrek waar die Heilige Gees uitgestort is, en Jesus en Sy dissipels die “Laaste Avondmaal” genuttig het. Die klaagmuur, allerheiligste plek vir die Jode, is volgende op ons program. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 7: Woensdag, 27 Maart JERUSALEM

Na ontbyt begin ons die dag by die Bad van Bethesda en besoek die kerk van St Anne. Volg die roete van die Lydensweg bekend as die Via Dolorosa. Bring dan besoek aan die Tuingraf waar u op ‘n toer van die terrein geneem word. Een van die plaaslike personeel van sal verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet ‘n pragtige uitsig oor Golgota wat ook bekend staan as Gordon’s Calvary. Nagmaal word by die tuingraf bedien. Ons het die res van die dag tot ons beskikking om die Ou-stad op eie stoom te geniet. Die toerbus is tot ons beskikking vir diegene wat graag ‘n opsionele besoek aan die Yad Vashem gedenkmuseum wil bring, wat opgerig is ter nagedagtenis aan die meer as ses-miljoen Jode wat hul lewens tydens die Tweede wêreldoorlog verloor het. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 8: Donderdag, 28 Maart BETANIË – EMMAUS – SILO – JERUSALEM

Ons eerste stop is Betanië waar die graf van Lasarus vandag nog te sien is. Reis verder na die imponerende dorpie van Abu Gosh, met sy belangrike Christelike inslag en Kruisvaarder-kerk, ook bekend as Emmaus. Dit is in hierdie omgewing waar die verbondsark volgens oorlewering gehuisves was. Bring besoek aan Silo, ‘n antieke stad wat in die Ou-Testament na verwys word. Dit was die hoof aanbiddingsplek vir die Israeliete voordat die eerste tempel in Jerusalem gebou is. Dit is hier waar die ark en tabernakel gedurende die tyd van die Rigters gesetel was, en waar Hanna se seun Samuel die Here onder die leiding van Eli gedien het. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 9: Vrydag, 29 Maart JOHANNESBURG

Ons word vroegoggend reeds om 03:00 na die lughawe oorgeplaas waar ons die El Al vlug haal wat om 06:50 na Suid-Afrika vertrek. Stryk om 14:30 op Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe neer. Ons is ryk aan herinneringe en verruk in die gees. Eindag maak ons weer so! **(O*)**



Jerusalem



Caesarea



Kapernaum



Ingang na die Tuingraf

TOERPRYS: R34,980 per persoon

Tariewe soos volg bereken: **Lugreisgeld:** R9,980 / **Landreëlings:** R25,000

Tariewe word deur die diensleweraars gedek tot op R14,50 teenoor die Amerikaanse Dollar. Die Randwaarde van ons toer is onderhewig aan lugreisgeld-verhoging en verswakking van die Rand indien enige. Reisversekering wat kansellasiedekking insluit word ten sterkste aanbeveel en kan reeds met registrasie uitgeneem word. Toerprys is gebaseer op ‘n minimum van 32 passasiers wat saamreis. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker. Spesiale lugreisgeld onderhewig aan beskikbaarheid tydens bespreking. Bespreek vroegtydig!

INGESLUIT:

- Ekonomiese retoervlugte insluitend lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe hotel retoer oorplasings soos per program
- Ontbyt en aandete daaglik soos per program
- Driester akkommodasie
- Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere, hotelpersoneel

UITGESLUIT:

- Opsionele enkelkamerverblyf US\$95 per nag
- Opsionele reisversekering



Vir nadere besonderhede, kontak

Braam Steyn

011 918-7567 / 083 453 6505

info@stargateinternational.co.za